**SATERDAG 28 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 22:23-35**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 22:27, 28**

## Claudius – ’n ongelowige in God se diens

Claudius Lisias was ’n Griek wat die Romeinse burgerreg gekoop het. Hy was bevelvoerder van die Romeinse leërafdeling in Jerusalem en hoofman oor duisend. Hy het homself in Antonia gevestig, en vandaar stuur hy soldate om Paulus te beskerm toe die Jode hom wou vermoor. Hy verhoor Paulus en toe hy uitvind dat hy ’n Romeinse burger is, stuur hy hom onder militêre beskerming na goewerneur Felix in Cesaréa.

In die kort briefie waarin Claudius aan Felix beskryf wat hy gedoen het om Paulus te red, gebruik hy agt keer die woorde “ek en my”. Dis so tipies van mens-wees dat ons wil weet ons het iets vermag of ’n verskil gemaak. Ons wil selfs in beheer wees en ander laat hoor wat ons gedoen het. Ons – as Christene – doen dit. Hoeveel te meer sal iemand wat nie weet dat alles deur die ware God beheer word, dit doen nie!

So werk God egter ook deur die dade van mense wat dink hulle is in beheer. Claudius het onbewustelik ’n baie groot rol in die uitdra van die evangelie van Jesus Christus gespeel. Hy het aan Paulus se “sukses” meegewerk. Hy was die instrument waarmee God Paulus gedra het.

Dit is vir ons ’n groot troos dat selfs as daar geen mede-Christen of bekende in sig is om vir ons in te tree of ons te beskerm nie, dan is God nie magteloos is nie. Dan gebruik Hy iemand se passie vir geregtigheid of vrede of magsposisie om sy werk te doen.

Paulus was van 57 nC tot 63 nC in die tronk – met geen Christen in die posisie om sy saak te beveg nie. God was egter daar en almal is in sy mag.

*Sing: Psalm 25:2 (Totius)*

*Ds. A (Attie) Venter (Pretoria Annlin)*